



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



2027 | Somer in Skandinawië

28 Junie - 09 Julie 2027



leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za



Uit die pen van

Gerrie Pretorius

*Music was my first love
but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.





Somer in Skandinawië

28 Junie – 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*

Velkommen til Skandinawië! Welkom in Skandinawië!

Daar is min plekke in die wêreld waar die somer só gevier word soos in Skandinawië. Dit is die tyd van die middernagson, die tyd wanneer die buitelewe die middelpunt van die dag word en parke, hawekafees en waterfronte van vroeg tot laat met mense gevul is.

Dit is ook die tyd wanneer die natuur op haar mooiste is en die landskap die grootste indruk laat. Water is oral. Dit vloei deur die stede, sny diep spore tussen berge, stort oor kranse en weerspieël die lig van die lang somersdae. Van die kanale van Kopenhagen tot die fjorde van Noorweë en die eilande van Stockholm vertel water die verhaal van Skandinawië.

Reis saam met Leef Jou Reis deur Denemarke, Noorweë en Swede – drie lande met hul eie identiteit, maar verbind deur 'n gedeelde liefde vir die natuur, ontwerp en geskiedenis. Dit is 'n reis wat stadig ontvou – een uitsig, een stad en een onvergeetlike ervaring op 'n slag.





Somer in Skandinawië

28 Junie - 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*

Hoogtepunte


Kopenhagen: Die tuiste van Hans Christian Andersen, wie se tydlose sprokies al geslagte lank lesers betower. Vandag is die Deense hoofstad net so karaktervol, met sy kleurvolle Nyhavn-hawe, koninklike paleise en lewendige strate.

Oslo: Noorweë se elegante hoofstad, waar Viking-erfenis, moderne argitektuur en die natuur op 'n unieke manier saamkom.

Flåm: 'n Klein dorpie aan die voet van die fjorde en tuiste van die wêreldbekende Flåm-spoorlyn, 'n treinreis wat as een van die mooiste ter wêreld beskou word.

Bergen: Die poort na Noorweë se fjorde, bekend vir die UNESCO-beskermdde Bryggen-hawefront, sy lewendige vismark en die sewe berge wat die stad omring.

Stockholm: Die Venesië van die Noorde, gebou oor veertien eilande waar water, geskiedenis en kultuur onlosmaaklik deel van die alledaagse stadslewe is.





Somer in Skandinawië

28 Junie – 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*

DAG 1: Maandag, 28 Junie 2027

Johannesburg

Vandag begin ons Skandinawiese avontuur! Ontmoet die Leef Jou Reis-span by die OR Tambo Internasionale Lughawe, vanwaar ons vertrek - gereed om die volgende paar dae die stede, fjorde en somerlandskappe van Skandinawië te ontdek.

(Alles etes aan boord)

DAG 2: Dinsdag, 29 Junie 2027

Kopenhagen

Na aankoms in Kopenhagen boek ons by ons hotel in en kry ons kans om 'n bietjie te rus voordat ons eerste kennismaking met dié stad begin.

Daar is waarskynlik geen beter manier om Kopenhagen te leer ken as vanaf die water nie. Ons vaar onder die stad se kenmerkende brûe deur en sien hoe eeue oue pakhuise, historiese geboue en moderne Deense argitektuur langs die kanale skouer aan skouer staan. Langs die roete vaar ons ook verby die wêreldbekende Nyhavn-hawe, wat letterlik “Nuwe Hawe” beteken. Met sy ry kleurvolle 17de-eeuse huise en historiese seilbote is dit vandag een van Kopenhagen se bekendste bakens.

Die res van die middag is joune om Kopenhagen op jou eie pas te geniet. Vanaand kom ons saam vir 'n heerlike verwelkomings-aandete – waar ons 'n glasie lig op die avontuur wat voorlê.

Oornag: Kopenhagen (Aandete)



DAG 3: Woensdag, 30 Junie 2027

Kopenhagen

Na 'n rustige ontbyt sluit 'n plaaslike gids by ons aan om Kopenhagen verder aan ons bekend te stel. Van die koninklike Amalienborg- en Christiansborg-paleise tot die Tivoli-tuine ontdek ons die stories agter Kopenhagen se ikoniese landmerke. Langs die pad leer ons meer oor die mense wat hul merk op die stad gelaat het, asook die tradisies en gebeure wat Kopenhagen deur die jare gevorm het. Ons ontmoet ook die bronsstandbeeld van die Klein Meermin, wat sedert 1913 oor die hawe waak en geïnspireer is deur Hans Christian Andersen se tydlose sprokie.

Met die lang somersdae in volle swang is daar geen haas om die dag af te sluit nie. Ná ons stadstoer is daar genoeg tyd om Kopenhagen op eie pas te verken – dalk met 'n rustige wandeling deur die King's Garden, die tuine van Rosenborg-kasteel, of 'n besoek aan Torvehallerne-mark, waar plaaslike inwoners en besoekers saamkuier tussen vars produkte en Deense lekkernye.

Oornag: Kopenhagen (Ontbyt)



Somer in Skandinawië

28 Junie – 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*



DAG 4: Donderdag, 01 Julie 2027

Oornagveerboot na Oslo

Ons geniet 'n rustige begin van die dag voordat ons die volgende been van ons Skandinawiese avontuur aanpak. Later vandag verruil ons Denemarke vir Noorweë wanneer ons aan boord van die oornagveerboot na Oslo gaan. Oor die volgende sowat 17 uur vaar ons oor die Skagerrak-seestraat – 'n ontspanne oorgang tussen twee lande waar die reis self deel van die ervaring word.

Terwyl die skip noordwaarts koers kies, is daar tyd om die geriewe aan boord te geniet – van gerieflike kajuite en uitstekende restaurante tot ruim uitkykdekkie.

Teen môreoggend vaar ons die byna 100 kilometer lange Oslofjord binne voordat ons in Oslo wakker word, gereed om Noorweë se hoofstad te ontdek.

Aanboord: (Ontbyt & Aandete)

DAG 5: Vrydag, 02 Julie 2027

Welkom in Oslo!

Nadat ons vanoggend ontbyt geniet en van ons oornagvaart afgeklim het, begin ons ontdekking van Noorweë se hoofstad. Saam met 'n plaaslike gids leer ons meer oor 'n stad waar koninklike tradisie, Viking-erfenis en moderne stadslewe op 'n besondere manier bymekaar kom.

Van die Koninklike Paleis en die historiese Akershus-vesting, met sy uitsigte oor die Oslofjord, tot die ikoniese Stadsaal waar die Nobelprys vir Vrede jaarliks toegeken word, wys elke plek 'n ander kant van Oslo.





Somer in Skandinawië

28 Junie - 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*

Ons besoek ook Vigelandpark, die grootste beeldhoupark ter wêreld wat deur een enkele kunstenaar geskep is. Die park huisves meer as 200 beeldhouwerke deur Gustav Vigeland, wat die menslike lewe in al sy vorme uitbeeld.

Die aand is joune om na eie smaak in te kleur. Dit is die ideale geleentheid om een van Oslo se uitstekende restaurante te besoek en kennis te maak met die geure van die Noorse kombuis – van vars Noorse salm en seekos tot tradisionele geregte soos rendiervleis en die bekende brunost-kaas.

Oornag: Oslo (Ontbyt)



DAG 6: Saterdag, 03 Julie 2027

Flåm

Vandag ontvou een van die mooiste hoofstukke van ons Skandinawiese reis. Ons vertrek per trein vanaf Oslo na Myrdal, waar ons aansluit by die wêreldbekende Flåm-spoorlyn – een van die wêreld se mooiste treinritte. Hierdie indrukwekkende spoorlyn, wat in die 1940's voltooi is, kronkel oor sowat 20 kilometer deur die berge vanaf Myrdal na Flåm.

Die trein daal meer as 800 meter na die fjordvlak af, terwyl die landskap voortdurend verander – van diep valleie en steil bergwande tot die indrukwekkende Kjosfossen-waterval langs die roete.

In Flåm gaan ons aan boord van 'n rustige fjordvaart deur die UNESCO-beskermd Nærøfjord. Hier skep steil bergwande, watervalle wat teen die hange afstort en klein dorpies langs die water 'n toneel wat moeilik is om te vergeet. Op sy smalste punt is die fjord slegs sowat 250 meter wyd, met berge wat aan weerskante hoog bo die water uittroon.

Teen die einde van die dag arriveer ons in Voss, 'n bergdorpie omring deur die natuurskoon van Wes-Noorweë. Berge, mere en groen valleie vorm die agtergrond van ons verblyf vir die aand.

Oornag: Voss (Ontbyt, Aandete)





Somer in Skandinawië

28 Junie – 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*

DAG 7: Sondag, 04 Julie 2027

Bergen

Vandag gaan ons verder deur die hart van Wes-Noorweë op pad na Bergen. Die roete neem ons langs die Hardangerfjord, een van Noorweë se bekendste fjorde en die tweede langste in die land. Bekend as die “boord van Noorweë” verras hierdie streek met sy vrugteboorde, groen valleie, watervalle en diepblou water – ‘n landskap waar die natuur en die daaglikse lewe nou verweef is. Die Noorweërs beskryf hul besondere verbintenis met die natuur as *friluftsliv* – ‘n leefwyse waar tyd in die buitelewe deel van die alledaagse lewe vorm.

Onderweg besoek ons die Hardanger Akvasenter, waar ons meer leer oor Noorweë se salmboerdery, een van die land se belangrikste bedrywe. Interaktiewe uitstallings vertel die verhaal van salm se reis vanaf die broeiplek tot op die tafel, waarna ons per RIB-boot die Hardangerfjord invaar om ‘n werkende salmplaas van naderby te ervaar. Hierdie ervaring gee ons ‘n beter begrip van die rol wat die see in Noorweë se kusegemeenskappe speel.

Ná ‘n heerlike salmmiddagete reis ons verder na Bergen, die historiese kusstad wat tussen die berge en die see lê.

Oornag: Bergen (Ontbyt & Middagete)

DAG 8: Maandag, 05 Julie 2027

Bergen

Na ‘n rustige ontbyt begin ons ons ontdekking van Bergen – die stad tussen die berge en die see, bekend as die poort na Noorweë se fjorde.



Omring deur sewe berge het Bergen vir eeue lank as ‘n belangrike hawe en handelsentrum gedien.

Ons wandel deur Bryggen, die historiese hawefront en UNESCO-Wêrelderfenisgebied, waar die rye kleurvolle houtgeboue herinner aan die tyd toe Bergen ‘n belangrike handelsentrum in Noord-Europa was. Daarna besoek ons die lewendige vis- en blommemark, waar vars produkte en plaaslike geure die karakter van Bergen weerspieël. Langs die water ontdek ons ook St. Mary’s-kerk, ‘n Middeleeuse gebou wat reeds sedert die 1100’s deel van Bergen se geskiedenis is. Die kerk se pragtige houtsneewerk en preekstoel uit die 1600’s vertel verder die verhaal van eeue se vakmanskap en tradisie.

Vanmiddag neem ons die bekende Fløibanen-kabelspoor na die kruin van Berg Fløyen, een van die sewe berge wat Bergen omring.



Somer in Skandinawië

28 Junie – 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*

Die rit na bo neem ons binne enkele minute na 'n uitsigpunt waar die stad, die omliggende fjorde en bergpieke voor ons uitgestrek lê. Dit is maklik om te verstaan waarom Fløyen so geliefd is – nie net onder besoekers nie, maar ook onder die inwoners van Bergen. Voorwaar 'n gepaste afsluiting van ons dag in een van Skandinawië se mees geliefde stede.

Oornag: Bergen (Ontbyt)

DAG 9: Dinsdag, 06 Julie 2027

Bergen na Stockholm

Vandag neem ons afskeid van Noorweë en geniet 'n kort vlug na Swede, waar die stede, eilande en stories van Stockholm op ons wag. Hej hej, Stockholm!

Swede se hoofstad strek oor veertien eilande wat deur meer as 50 brûe met mekaar verbind word. Water is oral, en dit is juis hierdie unieke sameloop



van eilande, brûe en kanale wat Stockholm die bynaam “Venesië van die Noorde” gegee het. Ons begin ons ontdekking van die stad in Gamla Stan, Stockholm se historiese ou stad. Hier vertel smal geplaveide straatjies, kleurvolle geboue en historiese pleine die verhaal van 'n stad wat reeds sedert die 13de eeu die hart van Swede vorm.

Daarna besoek ons die Vasa-museum, die tuiste van die wêreld se enigste byna volledig bewaarde 17de-eeuse oorlogskip. Die Vasa het in 1628 op haar eerste vaart gesink – skaars 'n kilometer van die hawe af – voordat sy 333 jaar later uit die water gelig en sorgvuldig gerestoureer is. Vandag bied hierdie museum 'n besondere blik op Swede se maritieme geskiedenis en die verhaal van 'n skip wat eeue lank onder water bewaar gebly het.

Die res van die middag is vry om Stockholm verder te verken. Dalk geniet jy 'n *fika* – 'n geliefde Sweedse tradisie waar mense tyd maak om saam te kuier oor koffie en iets lekkers, dikwels 'n varsgebakte kaneelrolletjie. Of dwaal deur Gamla Stan se stegies, waar eeue se geskiedenis steeds in die geplaveide straatjies en kleurvolle geboue sigbaar is.

Oornag: Stockholm (Ontbyt)



Somer in Skandinawië

28 Junie – 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*

DAG 10: Woensdag, 07 Julie 2027

Stockholm

Na 'n rustige ontbyt begin ons dag met 'n vaart deur die Stockholm-argipel, 'n eilandwêreld van meer as 30 000 eilande en skere wat oor die Baltiese See versprei lê. Terwyl ons tussen die eilande deur vaar, sien ons die rustige ritme van Sweedse eilandlewe – van klein eilandgemeenskappe met hul kenmerkende rooi houthuise wat al vir geslagte deel van die Sweedse landskap is, tot ongerepte natuur wat oor die water uitstrek.

Die res van die middag bied die geleentheid om Stockholm verder te geniet. Besoek gerus die gewilde ABBA-museum, ontdek die winkels van Drottninggatan, of dwaal deur die karaktervolle strate van Södermalm, bekend vir sy kreatiewe atmosfeer, klein boetieks en plaaslike kafees.

Vanaand sluit ons ons Skandinawiese avontuur af met 'n spesiale afskeidsete, waar ons terugdink aan die plekke wat ons ontdek het, die landskappe wat ons beleef het en die herinneringe wat ons saam gemaak het.

Oornag: Stockholm (Ontbyt, Aandete)

DAG 11: Donderdag, 08 Julie 2027

Totsiens Skandinawië

Na ontbyt vertrek ons na die lughawe vir ons terugvlug huis toe. Terwyl ons Stockholm agterlaat, neem ons afskeid van 'n reis deur drie lande vol geskiedenis, natuur en besondere ervarings.

Ons neem die herinneringe aan die stede wat ons ontdek het, die landskappe wat ons beleef het en die oomblikke wat ons gedeel het, saam met ons huis toe.

Til neste gang, Skandinawië – Tot volgende keer!

DAG 12: Vrydag, 09 Julie 2027

Johannesburg

Ons arriveer terug in Suid-Afrika met 'n paar Skandinawiese aandenkings en herinneringe aan 'n reis wat ons nog lank sal bybly. Baie dankie dat jy saam met Leef Jou Reis gereis het. Ons sien daarna uit om jou weer op 'n volgende avontuur te verwelkom.

Welkom by die Leef Jou Reis-familie!





Somer in Skandinawië

28 Junie – 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*

Pakket Sluit In:

- 10 Nagte se verblyf met daaglikse ontbyt
- Lughawevervoer met aankoms en vertrek (indien groepsvlugte gebruik word)
- Luukse lugversorgde bus vir die volle duur van die toer
- 4 Aandetes, insluitend 'n verwelkomings-aandete in Kopenhagen en 'n afskeids-aandete in Stockholm
- 1 Middagete
- Kanaalvaart in Kopenhagen
- Toegang tot Rosenborg-kasteel en die Skatkamer
- Oornagvaart per veerboot van Kopenhagen na Oslo
- 24-uur Oslo-pas
- Treinrit van Oslo na Myrdal
- Treinrit van Myrdal na Flåm
- Fjordvaart van Flåm na Gudvangen
- Besoek aan 'n salmplaas
- Begeleide stadstoere van Kopenhagen, Oslo, Bergen en Stockholm
- Fløyen-kabelspoor
- Toegang tot die Vasa-museum
- Vaart deur die Stockholm-argipel
- Leef Jou Reis as toerleier en gasheer

Pakket Sluit Uit:

- Internasionale vlugte tussen Suid-Afrika en Skandinawië
- Vlugte tussen Bergen en Stockholm
- Plaaslike vlugte binne Suid-Afrika
- Visumkoste
- Reisversekering (ons help jou graag hiermee)
- Middagetes en aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Opsionele aktiwiteite en toegangsgelde (tensy anders gespesifiseer)
- Fooitjies
- Persoonlike uitgawes





Somer in Skandinawië


28 Junie - 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*

Dinge Om te Onthou

- 'n Visum is verpligtend en op eie koste. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (10 January 2028).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reisspan, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- **NB: Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal. By Leef Jou Reis stap ons graag, maar daar is alternatiewe opsies wat spontaan opduik en ons kan selfs 'n taxi huur.**
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy fiks wees en in staat om gemaklik sowat 5 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selffoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat, indien nodig, ons van die dae se programme kan uitruil om seker te maak dat jy die beste reiservaring het.
- Die programme sluit bed en ontbyt, aandetes, middagetes en toere soos aangedui, in.



Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur 'n uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye 'n Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!



Somer in Skandinawië

28 Junie – 09 Julie 2027

€4 490 Per persoon wat deel*

€5 790 Per enkel persoon*

Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die toer na Skandinawië te verseker:

STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

STAP 3

Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie van jou lewe!

Deposito

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R15 000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalinge en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R15 000 is teen 20 Oktober 2026 betaalbaar en 'n verdere R15 000 teen 20 Januarie 2027. Die totale uitstaande bedrag is teen 31 Maart 2027 betaalbaar.
- Die wisselkoers vir die toerprys is gebaseer op 1€ = R21, sodat ons alle kostes en wisselkoers verskille tydens betalings na die buiteland kan dek. Dit word bepaal op die bedrag en die datum wat ons ons verskaffers betaal.
- Pryse is gebaseer op elektroniese betalings.

Bankbesonderhede & Prys

Rekening Naam	:	LeefJouReis TWF
Bank	:	Standard Bank
Takkode	:	051001
Rekeningnommer	:	012324523

Deposito verwysingsnommer: SCANDIC27 + NAAM & VAN

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysingsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za

€4 490 Per persoon wat deel* | €5 790 Per enkel persoon*



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

 Leef jou Reis Vriende  @GerrieOfficial  @Gerriepret

 Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair**

At your service!

Site


www.twf.travel | 0861 777 747



 **TWF**
INCENTIVES, MEETINGS & EVENTS (Pty) Ltd